*Saterdag* **2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Job 39:1-7**
**Fokusgedeelte: Job 39:4-5 (AFR2020)**
**Die HERE se tere sorg vir sy skepsels**

Nadat die HERE vir Job sy almag en heerskappy oor die hele aarde en die hemelruim getoon het (Job 38), neem die HERE hom op toer na die lewende skepsels. In hierdie hoofstuk begin die toer by die landdiere en voëls.

As iemand wat self kleinvee besit het, weet Job met hoeveel sorg ’n herder na sy skape omsien. Hy hou rekening met die maande wat die ooie dragtig is, want wanneer die lammers gebore word, moet hy naby wees om met moeilike geboortes hulp te verleen en die lammers te beskerm teen roofdiere. Nou vra die HERE hom uit oor die klipbokke en rooitakbokke.

Job het geen antwoord op die vrae van die HERE nie, want hy het nog nooit opgelet wanneer hierdie bokke lam nie. Daar is nooit ’n mens by om met moeilike geboortes te help nie, maar die HERE sien raak en Hy help. Hierin is daar ’n les om Job en ons nederig te maak. As ons onbewus is van die tye van die wildsbokke, hoe sal ons ooit begrip kan hê van die Here se regering en onderhouding wat Hy in volkome wysheid verrig? Dit is verwaand van ons om die werke en tye van die HERE te bevraagteken. Vir ons gelowiges lê hierin egter ook groot troos. Aangesien die HERE die geboortetye van klipbokke bepaal en in hulle weerloosheid na hulle omsien, hoeveel te meer sal Hy nie na die mens, wat na sy beeld geskep is, omsien met tere sorg en liefde nie? As Hy soveel aandag aan diere skenk, sal Hy nie ook na jou, wat met die kosbare bloed van Christus gekoop is, omsien nie? Hy sál en Hy skenk sy volle aandag aan jou en my.

*Sing: Skrifberyming 9-6:6, 7*
*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*